

## Kanaal 7 Vrae en antwoorde

### **Wat is die oorsprong van Kanaal 7:**

Kanaal 7 is die radiostasie van Media vir Christus. Die eerste uitsendings van Kanaal 7 het plaasgevind op 6 Desember 1993. Die stasie is gestig om inwoners van Namibië met die Evangelie van Jesus te bereik in aanvulling van die werk van Media vir Christus.

### **Wie en wat is Media vir Christus:**

Media vir Christus is in 1982 gestig deur Neal van den Berg en Tokkie van Vuuren. Media vir Christus is n uitvloeisel van die werk wat gedoen is, eers onder die naam van Trans Wêreld Radio en later TWR RSA. Toe Radiokansel in Suid Afrika gestig is, was die leiding van die Here om Media vir Christus te stig.

### **Waarom is die Organisasie gestig:**

Die doel van MvC/Kanaal 7 is om die Evangelie van Jesus Christus deur die moderne media te verkondig. Daar is duidelike behoefte aan media organisasie wat vanuit Christen perspektief die hele behoefte van die luisterraars kan aanspreek.

Kanaal 7 is en kan nooit die werk van die kerk doen nie en sien homself as hulpmiddel in die hand van die kerk. In 2014 het die direksie besluit om die naam aan te pas by die moderne neiging en die feit dat Kanaal 7 meer as Radio is. Daarom het die organisasie se naam verander na Kanaal 7 Media Netwerk vir Christus.

In tyd waar die media oorheers word deur vals nuus, verdraaide beriggewing en doelbewuste afbreek van waardes, veral Bybelse beginsels en Christenskap raak die rol van Christen Media net soveel groter en groter en bly dit die enigste wyse waarop daar steeds hoop gebring word aan wêreld wat daagliks met negatiewe en afbrekende beriggewing gebombardeer word.

Christen Media, en die geval Kanaal 7, moet gesien word as die hedendaagse sendelinge. Die radio is steeds die mees suksesvolle medium om die Evangelie van Jesus Christus uit te dra na plekke waar daar nie toegang is vir konvensionele sendelinge nie. In Namibië is Radio steeds die mees toeganklike medium en word die bevolking steeds grotendeels deur radio bedien.

Dis belangrik om te verstaan dat die Kanaal 7 model inlyn is met die internasionale benadering binne Christen media. In sy boek, "Powerful Christian Radio" bevestig Josh Reid hierdie model ook in die Australiese konteks. Hy skryf; "In sy kern is Christen Radio strategiese, kragtige en invloedryke bediening wat deur middel van verskeie media platforms met etlike duisende mense kommunikeer in plekke waar geen kerk ooit kan ryk nie. Die huidige Christen Radio saai mengsel van Christen en sekulêre musiek en inhoud uit wat beslis aantreklik is vir wyer gehoor met musiek en inhoud waarmee hulle steeds identifiseer terwyl die Evangeliese fokus nooit verloor word nie."

## **Tipiese strategieë wat deur Christen Radio gebruik word is bv:**

- Om deur kort getuienisse en gedagtes by luisteraars te laat en sodoende meer oop gedagte te skep vir die Evangelie van Jesus Christus.
- Om musiek te speel wat mense bemoedig en geestelik te voed.
- Gee blootstelling aan plaaslike leraars en Geestelike leiers en vestig band tussen nie kerklike luisteraars en die gemeente.
- Saai persoonlike getuienisse uit waarmee luisteraars kan identifiseer en bemoedig word.
- Wees opbouende betroubare en “skoon” alternatief tov ander stasies.
- Speel aanvaarbare sekulêre musiek tussen Christen musiek en Christen praatjies om sodoende luisteraars te laat identifiseer met die bekende en uit nuuskierigheid te laat luister na die stasie.
- Maak die radio deel van die sosiale media en integreer die verskillende media platforms.
- Moedig mense aan om hulle plaaslike kerk by te woon.
- Moedig mense aan tot gehoorsaamheid aan God.
- Bied hoop aan luisteraars en bemoedig hulle tot positiewe lewe.
- Die radio neem die Woord van God en die Evangelieboodskap na mense toe in tyd waar mense meer en meer onwillig is om kerk toe te gaan.
- Ons MOET die media tot eer van God aanwend teenoor die Goddeloosheid wat in die sekulêre media bestaan.
- Bemark die gemeente en gemeente-gebeure veel wyer as wat die gemeente dit alleen kan doen.

## **Hoe wyd word Kanaal 7 gehoor?**

Kanaal 7 word binne Namibië op 35 FM senders gehoor.

Dit is volgens ons kennis die grootse infrastruktuur van enige privaat radiostasie in Afrika.

Kanaal 7 kan ook regdeur Suidelike Afrika op die DTSV klankplatvorm Kanaal 825 sowel as op GoTv Kanaal 303 gehoor word.

Kanaal 7 saai 5 verskillende kanale op die Internet uit nl;

Kanaal 7 Radio,

Kanaal 7 Oshiwambo Radio,

CTR, (Die Jeug Radio Stasie)

en twee voltydse Bybel voorlees kanale. (Een in Engels en een in Afrikaans)

Daar is ook YouTube Kanaal, K7 Clips, wat groot verskeidenheid Christen Boodskappe aanbied.

## **By Watter ander Projekte en Organisasie is Kanaal 7 betrokke?**

- By die Republiekin se Dorp van die Jaar

- By Imagine Namibia
- (Namibia Old Age Health Fund) Dmv Loslitdag
- Verskillende hulpbehoewende organisasie dmv 10des uit projekte.
- Angus Buchan – Mighty Men Konferensie
- Excellent You
- Bybelgenootskap – Stap vir Bybels
- Audio Bible Project
- Koningskos
- Fresh Namibia – Dragon Boat Project
- The Journey – Fondsin samelingsprojek
- Hykie Berg – Fondsin samelingsprojek

### **Waarom nie net Christelike musiek en boodskappe nie:**

Dit is belangrik om luisteraars voortdurend by die stasie ingeskakel te hou.

Navorsing het bewys dat luisteraars, ook Christen luisteraars, n behoefte het aan die jongste nuus, sport gebeure, daaglikse aktualiteit en verskeidenheid musiek anders as net Christelike musiek.

Dit sou vir Kanaal 7 onaanvaarbaar wees om stasie daar te stel waarop mense slegs inskakel wanneer hulle behoefte het aan Christelike boodskap of musiek. Kanaal 7 glo dat die effektiwiteit groter is indien daar professionele radiostasie gevestig word vanwaar platvorm geskep word om die Christen boodskap uit te dra. Kanaal 7 probeer nie om kerk of enige iets anders te wees as slegs radiostasie nie. Kanaal 7 beskou homself as hulpmiddel wat beskikbaar is vir die kerk en deur die kerk gebruik behoort te word as gereedskapstuk in sy bediening.

### **Hoe word MvC/ Kanaal 7 bestuur:**

MvC is geregistreer onder die Maatskappye Wet as artikel 21 Maatskappy. Met ander woorde Maatskappy sonder winsbejag. Die Maatskappy word beheer deur Raad van 9 Direkteure wat deur bestaande Direkteure op uitnodiging aansluit. Die dag tot dag sake word deur besturende direkteur en bestuur hanteer.

### **Die huidige Direkteure is:**

- Voorsitter: Etienne Steenkamp Adjunk Besturende Direkteur Pupkewitz Motor Groep
- Beatus Nehoya Bestuurder Produk Beheer Standerd Bank
- Madelein Smith Besturende Direkteur Namibia Equity Brokers (Pty) Ltd
- Joseph Khaiseb Personeel Bestuurder Pupkewitz Motors
- Gideon Cornelissen Mede stigter van Logos Advies dienste en geregistreerde Geoktrooieerde Rekenmeester.
- Neal van den Berg Stigter en Besturende Direkteur Kanaal 7 Media Netwerk vir Christus

### **Hoe word finansiële aspekte gekontroleer:**

Die Maatskappye Wet bepaal dat daar behoorlike finansiële bestuur sal plaasvind

en dat alle finansiële dokumentasie en transaksies jaarliks geouditeer word. Die huidige Ouditeure is PKF-FCS

Die Maatskappy Sekretaris is PWC en hulle dien ook in raadgewende hoedanigheid.

Bankrekeninge word gehou by FNB en Bank Windhoek.

Die direksie van Kanaal 7 dra die verantwoordelikheid vir die interne finansiële kontroles en verantwoordelikhede word by wyse van vooraf goedgekeurde prosedures aan bestuur oorgedra.

Finansiële verslae word op kwartaallikse formele finansiële komitee vergaderings hanteer en aanbevelings word na die vol direksie verwys vir goedkeuring.

#### **Hoe word MvC/Kanaal 7 gefinansier:**

Daar is 2 hoof bronne van inkomste naamlik donasies en advertensies. Donasies kan opgedeel word in 2 afdelings naamlik maandelikse debietorders of ligdraers en advertensies wat opgedeel word in advertensieflitse en borgskappe.

#### **Betaalwyses**

- Kanaal 7 het verskillende betaalwyses beskikbaar waardeur mense makliker bydraes kan maak.
- Gewone EFT Betalings
- Krediet en Debietkaarte
- Internet Platform “Pay Today”

#### **Voltydse Veilingsblad**

Kanaal 7 het voltydse Internet Veilings platform ontwikkel wat regdeur die jaar sowel as tydens die Radiothon gebruik word onder die naam SobySo.com.na

Hierdie is gebruikersvriendelike veilingsblad wat regdeur die jaar ook gebruik word om skenkings op te veil.

#### **Watter verbintenis het MvC/Kanaal 7 met buitelandse organisasies:**

Hoewel daar in die verlede organisasies was wat bydraes gemaak het tot die instandhouding van die organisasie, het MvC/Kanaal 7 geen verbintenis met enige buitelandse organisasie of kerk nie.

#### **Wat kos dit om die organisasie op die lug te hou:**

16 Miljoen Namibiese Dollar per jaar.

#### **Waarom is Kanaal 7 se finansies onder druk:**

Daar was nooit enige aanvangskapitaal beskikbaar nie en die groei het nie tred gehou met inkomste nie. Kanaal 7 was nog nooit beskou as winsgewende besigheid nie en dit was ook nooit die doel nie.

Die direksie en bestuur besef egter dat dit nie tot God se eer is om in skuld te leef nie. Soortgelyke organisasies, uitsaaistasies, in Suid Afrika en selfs oorsee se inkomste word opgemaak deur 70% donasies en 30% uit besigheid inkomste.

Kanaal 7 se inkomste is presies omgedraai. Foute wat gemaak is was onder ander om nie genoeg aandag te gee aan ons donateurs basis nie maar eerder aan besigheid inkomste. Indien meer moeite gedoen was met die verbreding van die donasie basis sou meer ondersteuners en luisteraars minder hoef by te dra om dieselfde resultate te bereik.

Die besigheid inkomste moes steeds net ondersteuning wees soos by alle ander Christen en gemeenskap stasies.

Kanaal 7 kan nie op dieselfde vlak as kommersiële stasies funksioneer nie omdat daar seker beginselbesluite sedert stigting geneem is en ten spyte van uiters moeilike omstandighede daar steeds by gestaan word.

Byvoorbeeld die feit dat geen kommersiële advertensies op Sondae uitgesaai word nie neem twee volle maande van advertensie inkomste weg.

Die feit dat Alkohol, tabak en dobbelary advertensies en borgskappe nie aanvaar word nie beperk ook potensiële inkomste aangesien die genoemde sektore oral van die grootste borge is.

Dieselde geld ook wat seker aanbiedinge en geleenthede is wat nie vanpas is vir Kanaal 7 om by betrokke te raak nie beperk die stasie se inkomste aansienlik

#### **Wat doen Kanaal 7 om in die huidige finansiële omgewing te oorleef:**

- Grootste deel van personeel is verskuif na termyn, urliks, of prestasie kontrakte.
- Personeel wat bedank se poste is nie gevul nie
- Meer as 50% van kantoor spasie word verhuur en personeel moet kantore deel.
- Personeel funksies en opleiding is ingeperk
- Reiskoste is drasties verminder.
- Geen salarisverhogings word tans begroot nie.
- Afgelope 4 jaar is daar slegs 2 keer verhoging goedgekeur van 3.5%

#### **Hoe bepaal Kanaal 7 waar nuwe senders opgerig word:**

Die gemeenskap van sekere dorp besluit of daar behoefté is aan Kanaal 7 sender, dan word daar 'n komitee saamgestel wat die organisasie doen en fondse insamel. Na tegniese inspeksie en beplanning word die plek bepaal. Sodra die nodige fondse en wetlike aspekte afgehandel is, kan n sender opgerig word.

#### **Waarom word daar nou in Oshiwambo uitgesaai:**

Die Ovambo bevolking maak bykans 50% van die Namibiese bevolking uit. Daar word bykans geen Evangelie aan hulle uitgesaai nie. Indien daar in gedagte gehou wat die invloed van hierdie een bevolkingsgroep in Namibië is en ons is ernstig

met die verkondiging van die Evangelie, is daar geen ander alternatief as om dringend hierdie behoefté aan te spreek in opdrag van die Woord van God nie.

### Hoeveel personeel werk by Kanaal 7

- 16 Omroepers wat skofte tussen 4 ure en 1-uur uitsaai.
- Alle omroepers is op kontrakte aangestel wat bepaal dat hulle per uur betaal word.
- Dit sluit in verskeie aanbieders/ omroepers wat vrywillig werk
- Daar word gemiddeld 450 ure per maand deur omroepers uitgesaai.
- 270 Ure word deur die rekenaar uitgesaai.
- Dit bring mee dat die aantal omroepers nie noodwendig die koste bepaal nie maar wel die ure wat uitgesaai word.
- 2 Nuus personeel. Een voltyds en een deeltyds.
- 5 Bemarkers Verkoopspersoneel. Almal op klein vergoeding plus kommissie
- 1 Finansies. Alle finansiële aspekte
- 1 Advertensie Administrasie, skedules en plasings van advertensies en promosies.
- 1 Projekte. Alle projekte, Gholf dae Radiothon, Loslitdag, Ontbyte, Kus uitsendings ens.
- 2 Tegnies. Opnames, Redigering, Rekenaars, Ateljees, Netwerk, Instandhouding Gebou en voertuie
- 3 Bestuur. BD, Hoofbestuurder en sekretaresse.
- 1 Ontvangs, Telefoon, laai en kontrolering en voorbereiding van alle musiek op rekenaar.
- Hoofbestuurder hanteer alle Personeelaangeleenthede, Finansies, Administrasie en Uitsaai.
- Sekretaresse is verantwoordelik vir kantooradministrasie, dag tot dag kantoor bestuur, sosiale media, webblad, ontwerp van advertensies, nuusbrief en die organisasie van toere.
- 13 Personeel is vas aangestelde personeel
- 21 Personeel is op termyn, uurliks of prestasie kontrakte aangestel.

### Waaraan spandeer Kanaal 7 sy inkomste:

Personeel Totaal – 64%

Bemarkings – 26%

Uitsaai – 29%

Admin Fin Teg – 18%

Projekte – 6%

Oshiwambo – 3%

Herstel en Onderhoud – 7%

Telekommunikasie – 5%

R&V – 1%

Uitsaai Kostes – 7%

Huur van Senderpersele – 8%

Rente en Bankfooie – 7%

Oudit en Proff. Fooie – 1%